



LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD
Sondag 12 Augustus 2012

Oggenddiens 09:30		Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	
1.			
2.			
3.			
4.			

BYBELSTUDIE GROEPE



SONDAG 19 Augustus 2012

- **19:00-20:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Hebreërs*.

WOENSDAG 22 Augustus 2012

- **10:00-11:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Lukas*.
- **18:00-19:00** in die konsistorie die Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.

♦ Sommige kerkgangers
 het kritiek op die preek.
 Ander kerkgangers
 het kritiek op wie om hulle sit.
 Weer ander kerkgangers
 (en hulle is die beste)
 het kritiek op hulle eie lewe.



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 12 Augustus 2012

Nommer 22

DOODRY: ‘N SPORT OF TRAGEDIE?’

Dag vir dag word berig van gru-motorongelukke waarin tientalle mense sterf. Op ons paaie sterf in 'n jaar meer mense as al die soldate wat in die jarelange grensoorlog gesneuwel het. Die stygende getal van padverkeersterftes en beseerdes word weekliks aangekondig soos lopies in 'n kriekettoets. Dit laat 'n mens tot die ontstellende slotsom kom dat mense hieraan gewoon raak en nie eens tweemaal oë knip by die aanhoor daarvan nie. Dit blyk dat summiere arrestasie, hoë boetes en strenger wetstoepassing blykbaar geen positiewe uitwerking op die situasie het nie.

Planne om die menseslagting op die paaie te keer

Van owerheidskant word daar jaarliks nuwe planne beraam om die menseslagting op die paaie te keer. Bestuurders word vermaan om versigtiger te wees en die verkeersreëls nougeset na te kom. Aksies word op die hoofroetes geloods om die bestuurders so gereeld moontlik in te lig oor verkeersomstandighede. Die finansiële implikasies van die situasie is net so erg. Dit kos die land miljarde rand elke maand. Daarby kom ook die aspek van droefheid by die lewensverlies, pyn, lyding en leed. In 'n groot persentasie van die ongelukke gaan dit gepaard met liggaamlike verminking wat in baie gevalle lewenslank is.

Oorsake vir die situasie

Oorsake vir hierdie toestand op die paaie is veelvoudig: onverantwoordelike padgedrag, te hoë snelhede, te kort volgfafstande, oormatige alkoholgebruik, swaar verkeer, minagting van verkeerstekens, onbekwame bestuurders, oorskryding van die vermoedingsgrens, swak padoppervlaktes, nie-padwaardige voertuie, oorlaaide voertuie, minagting van mede padverbruikers, ongeduld, roekelose bestuur van voertuie. So kan die redes en die oorsake van die padslagtings neergeskryf word. Daarvan kan tabelle en lyste gemaak word, maar die toestand bly jaar na jaar dieselfde. Almal moet nou al besef dat daar nie 'n *kitsoplossing* vir die padveiligheidsvraagstuk is nie. *(Vervolg bladsy 7)*

SONDAG OP STELLENBOSCH

In hempsmoue lê mans koerant en lees,
die vrouens raas en maak komkommerslaai
terwyl hul toesien dat die vleis nie brand -
half-elf word daar 'n kerkdien uitgesaai.

Smiddags na die rus kom vragte mense aan
uit Wellington, Grabouw en Klapmuts op besoek.
Die grootmense praat voetbal; kinders staan
verveeld op stoepe rond, eet stukkies koek.

Saans lui die kerkklok luider; dogters keer
humeurige met hul naweektassies terug;
die vrouens gaan die wasgoed vir die meid sorteer,
die mans maak gou 'n visstok heel, en sug.

Die kinders sit aan somme nors en swoeg;
mans wonder waar hul skoon slaappakke is -
die vrouens moet die tafels dek vir môre vroeg;
die mans gaan slaap, vermoeid van al die rus.

Ina Rousseau [uit: **Die verlate tuin**, Kaapstad, 1954]



- ◆ Wat kom beter en meer passend ooreen met die geloof, as om te erken dat ons ontbloot is van alle *deug*, sodat ons deur God *beklee* mag word. Dat ons leeg is van al wat *goed* is, sodat ons deur Hom *gevul* kan word. Dat ons *slawe* van die sonde is, sodat ons deur Hom *bevry* kan word.
- ◆ As sonde en ellende in die wêreld tuisgehoort het, sou ons reeds lankal daaraan gewoon gewees het.

- ◆ As jy wil leer vergewe en vergeet, dan moet jy dit in die lewe doen. In die hemel hoef dit nie meer nie. Die oefenskool word hier op die aarde gegee waar die moeilikhede is.

Die godsdienstig-sedelike aspek

As gelowiges is daar 'n *godsdienstig-sedelike aspek* aan hierdie saak. Die grondreël wat God gee is liefde tot God en liefde tot jou naaste (Matt. 22:37-40). Verder moet die gelowiges in alles wat hulle doen God verheerlik (1 Kor. 10:31; Pred.12:13). Hierdie bevel geld ook wanneer jy *motorbestuur*. Op die reispad saam met jou is jou naaste, in al die ander motors op die pad is mense vir wie jy moet liefhê soos jouself (Lev.19:48; Mat.22:39). Dit geld vir elke gelowige sodat jy op die reispad niemand enige leed of letsel sal aandoen nie. Dat jy ook nie die oorsaak mag wees van 'n ongeluk nie omdat jy dan die beeld van God waarna jou jy en jou naaste geskape is sal skend. Die feit dat jy 100% van die medepadgebruikers nie ken nie, mag nie daartoe bydra dat jy onverskillig en traak-my-nie-agtig in jou voertuig optree nie. *Die liefdesgesindheid deur God se genade moet die oorheersende dryfveer wees waarmee elke gelowige sy motor bestuur en hom op die pad gedra.* Jou liefde tot God en jou liefde tot jou naaste moet sigbaar wees in die wyse waarop jy jou op die pad gedra. Dit klink dalk hoogdrawend maar as Christen moet jy die mense wat saam met jou op die pad ry, uitnemender ag as jouself en moet jy jou voorneem om hulle niks aan te doen wat jy jouself nie graag aangedoen wil hê nie.

Motorbestuur en die tien gebooe

Kom ons wees meer presies en stel vas dat op jou reispad moet jy veral die *vyfde* en *sesde* gebod moet toepas. “Die *vyfde gebod* eis van my gehoorsaamheid om Christus ontwil. Daardie stomme stopteken, die verkeerslig, die soliede wit streep op die pad is *instrumente* in die hand van die owerheid om verkeersveiligheid te handhaaf. Die owerheid op sy beurt is 'n instrument in die hand van God om wet en orde te handhaaf (Rom.13:1-3). Wie die stopteken, die verkeerslig, die spersstreep verontagsaam, is nie net aan die owerheid nie, maar ook aan God ongehoorsaam en 'n oortreder van die vyfde gebod.” Net so is die *sesde gebod* ook van toepassing op die reispad: “Jy mag nie moord pleeg nie.” As jy teen 'n hoë snelheid ry, of jy drink alkohol voor jy op reis gaan, of jy minag verkeersreëls of jou padgedrag is onverantwoordelik, en die reisgenote in jou eie voertuig of medemense in 'n ander voertuig sterf vanweë 'n ongeluk wat plaasvind vanweë jou onverskilligheid, is jy 'n moordenaar. Onthou die sesde gebod sê vir jou, die motorbestuurder: “*Jy mag nie doodry nie.*” Al is jy 'n meelewende lidmaat van die kerk van Christus, woon jy die eredienste gereeld by, lees daaglik God se Woord en bid tot jou Vader in die hemel, en jy is die direkte oorsaak van 'n motorbotsing waarin medemense vermink word of sterf, is jy 'n moordenaar!

Dit pas gelowiges seker om voor hulle vertrek op die lang pad eers tot God te bid dat hy julle op die gevaarvolle pad sal beskerm. Dan moet jy as bestuurder jou bydrae maak deur veilig en verantwoordelik te bestuur.

Dr. Nico van der Merwe

6. SIMBAAL 12 Augustus 2012

BORG – 'N – BYBEL



HET JY AL 'N BYBEL GEBORG?

Alle lidmate word aangemoedig en opgeroep om vanjaar deel te wees van hierdie grootse aksie. Die fokus is vanjaar op die Bybel, en nie bloot op die geld wat bygedra word nie.

MIKPUNTE:

1. 'n Standaard-Bybel kos tans **R52.00**.
2. Borg-'n-Bybel-aksie word vanjaar afgesluit op **28 Oktober**.
3. Ons eerste mikpunt is dat **elke besoekpunt** (153 besoekpunte) 'n Bybel sal borg. Dit beteken **26 Bybels per maand** (Mei tot Oktober) – 'n bedrag van ten minste **R1352 per maand**.
4. Ons uiteindelik mikpunt is dat elke lidmaat een of meer Bybels sal borg.
5. U kan u bydrae saam met u maandelikse bydrae voeg of in 'n Bybelverspreidingskoevertjie by die kerk inhandig.
Met vertroue dat God hierdie aksie ryklik sal seën! SOLI DEO GLORIA.
ABRIE LOTTER

KINDER EN JEUGKONFERENSIE 26-28 SEPTEMBER 2012

Die Fakulteit Teologie bied 'n toerustings konferensie aan vir almal wat met kinders en jeug werk. Verskeie kenners op die gebied van kinder en jeugsorg sal tydens die konferensieoptree. Van die sprekers wat sal optree is: **Prof. Malan Nel, Craig Groome, Dr. Jan Grobbelaar, Marius Storm** Verskeie predikante uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal ook gedurende die konferensie optree. Konferensiegangers sal vir hulle eie **huisvesting** verantwoordelik wees. **Inskrywingsvorme** en verdere detail sal spoedig beskikbaar gestel word. Ons versoek kerkrade om **predikante, kategete** en almal wat met die kinders en

jeugwerk in staat te stel om hierdie konferensie by te woon. Alle **Ouers** sal ook baie baat vind by die konferensie
Met dank Prof. dr. Gert Breed (TSP)

SIMBAAL 12 Augustus 2012

3.

LIEF EN LEED



- Baie sterkte aan **Sarel Jansen van Vuuren**. Hy word DV op 16 Augustus 2012 geopereer. Mag die Here die operasie bring tot liggaamsgenesing.
- **Ansie Jansen van Vuuren** word DV eerskomende Dinsdag gehospitaliseer in Pretoria vir waarneming alvorens sy moontlik 'n pasaangeer sal moet kry om haar hartklop te stabiliseer.
- Ons innige meegevoel aan **Jan en Sina Viljoen**. Jan se broer is Maandag oorlede.

HULP UIT DIE DOOD VIR DIE STRYD VAN DIE LEWE

Lees: 1 Samuel 28:1-20

Teks: 1 Samuel 28:15


Dié teksgedeelte laat 'n mens die vraag vra of Samuel werklik uit die dood opgekom het en met Saul gepraat het. Teoloë sê nee, dit is nie wat gebeur het nie. Was dit dan 'n *skyn-Samuel* wat deur die Satan gestuur is? Dit is ook nie aanvaarbaar en in lyn met die Bybelse waarhede nie. Kenners van die Ou Testament glo dat dit 'n herinneringsbeeld van die dodebesweerster was. Uit vrees dat sy ook deur Saul verban sou word (vs. 3) skets sy 'n beeld van Samuel soos sy hom nog onthou het, *'n ou man met 'n mantel aan* (vs. 14). God gebruik haar om die boodskap vir Saul te bring (vs. 16-19). Die geestelike armoede en godsdienstige doodsheid van Saul blyk uit vers 15! Omdat God hom verlaat het vanweë sy ongelooft en ongehoorsaamheid (1 Sam. 15:26; 1 Sam. 16:14; 1 Sam. 18:12). Daarom is Saul in geestelike onmag en vrees. Daarom het Saul geen ander uitweg gehad as om die dodebesweerster op te soek nie. In

wanhoop word hulp by die dooies gesoek. Die moderne moderne mens soek sy troos en sekerheid by aardse dinge wat dood is: geld, goed, weelde, sport, dwelms, alkohol, okkoltisme, spiritisme, waarsêery, ens. ens. Daar is net by Een hulp te kry ná die dood, en dit is Jesus Christus.

Dr. Nico van der Merwe

4 SIMBAAL 12 Augustus 2012

KOLLEKTES			
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure	
12 Augustus	Barmhartigheid	Susentasië Khuma	
19 Augustus	Barmhartigheid	Sustentasiëfonds	
26 Augustus	Barmhartigheid	GKSA Jeugsorg	
02 September	Barmhartigheid	Sustentasiëfonds	
GEMEENTEPROGRAM			
Sondag 12 Augustus tot Saterdag 18 Augustus 2012			
Sondag 12 Augustus	Oggenddiens	09:30-10:30	
Sondag 12 Augustus	Aanddiens	18:00-19:00	
Donderdag 16 Augustus	Kerklike bydraes inbetaal	17:30	
TEESKINKBEURTE			
Sondag 12 Augustus 2012	Geen teeskink – Langnaweek		
Sondag 19 Augustus 2012	Wyke 26 & 27		
Sondag 26 Augustus 2012	Geen teeskink - Nagmaal		
Sondag 02 Septembert 2012	Wyke 02 & 03		
VERJAARDAE			
12 Augustus 2012 tot 18 Augustus 2012			
14 Aug.	Hanrich van Antwerp	Wyk 17	082-467-4907
15 Aug.	Lourens Swanepoel	Wyk 17	018-468-8096
16 Aug.	Jan Pretorius	Wyk 06	082-851-4244
18 Aug.	Rudi Breitenbach	Wyk 06	083-300-8170
18 Aug.	Nerene Booyen	Wyk 27	018-468-8093
Elkeen wat gedurende die week hulle verjaardag vier ontvang die hartlike gelukwensing van die gemeente. Mag julle op julle lewensweg die seënende hand van God oor julle voel.			



KERKLIKE BYDRAES

Die inbetaling van kerklike bydraes is DV op Donderdag 16 Augustus 2012 vanaf 17:30 in die konsistorie.

SIMBAAL 12 Augustus 2012 5.

BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG

- Ds JH Grobler van Louis Trichardt na Frankfort.
- Ds JP le Roux van De Aar/Strydenburg/Oranjerivier/Philipstown-kombinasie na Aranos/Khomas Hoogland/Namib Kus-kombinasie.
- Ds KP Steyn van Empangeni na Durban-Noord.
- Ds TJ van Vuuren van Heilbron na George.

BEROEPE AANVAAR

- Ds JP le Roux van De Aar/Strydenburg/Oranjerivier/Philipstown-kombinasie na

VIR DIE SUSTERS

➤ **KOEKSISERS:** Die susters beoog om in die middel van September DV koeksisters te bak. Hulle vra asseblief uit die gemeente bydraes van bestanddele: meel/suiker/olie. U kan dit somer Sondae in die kombuis afgee.

Bestellings met betaling kan vanaf Sondag 2 September 2012 by Kotie of Bets opgegee word. Die susters vra ook hulp. Selfs die afgetrede broeders is welkom

om te kom help.

➤ **BREIBLOKKIES:** Sal die flinke breisusters wat nog breiblokkies tuis het dit asseblief somer kerk toe bring en vir Christa Snyman gee. Baie dankie aan Christa vir al die breiblokkies, tyd en geld spandeer. Dit was 'n reuse taak en 'n reuse sukses

- ◆ God gooi nie pêrels voor die varke nie. Hy verander “varke” in pêrels.
- ◆ Deur op die verlede te broei, word tyd op windeiers verkwis.
- ◆ Jakob het Esau se eersgeboortereg vir 'n pot lensiesop verkswansel;

sommige mense gee heelwat meer vir die helfte minder.

- ◆ Wat die stoflike betref, wil almal graag kry (meer ook) as wat hulle verdien; ten opsigte van die geestelike kan niemand verdien wat hy kry nie.
- ◆ Moenie die bakens van jou gewete telkens versit nie.